

**Maandag 25 April**

**Skrifgedeelte: Johannes 14:15-31**

**Fokusgedeelte: Johannes 14:26**

**Die Heilige Gees word aan die kerk gegee**

Ons Here Jesus is in Johannes 14 besig om sy dissipels voor te berei vir sy hemelvaart. Hy sou sy Vader vra om 'n Trooster/Voorspraak/Parakleet/Helper vir hulle te gee om vir ewig by hulle te wees. Waar Jesus as Voorspraak vir hulle in die hemel sou optree (Rom. 8:34), sou die Heilige Gees by hulle (en ons) as Voorspraak optree. Die Heilige Gees het die dissipels en ook die ander gelowiges onderrig. Dit is die Heilige Gees wat geloof in mense se harte werk, wat hulle verstande ontvanklik maak om te verstaan wat voor Jesus se hemelvaart gebeur het, wat sy hemelvaart beteken en wat dit beteken dat Hy aan God se regterhand sit. Die Heilige Gees leer gelowiges ook deur al die briewe van die Nuwe Testament wat aan kerke en persone gerig is.

Die Heilige Gees fokus in sy onderrigwerk in die kerk op Jesus: wat Hy reeds gedoen het, wat Hy tans doen en wat Hy in die toekoms gaan doen. Die Heilige Gees speel in 'n besondere rol om God se koninkryk groter te laat word. Hy werk geloof in mense, hulle word deel van die kerk, liggaam van die Here. Hy maak mense vrymoedig om die evangelie aan ander te vertel sodat die kerk bly groei. Die Heilige Gees lei ons om lewende, gehoorsame ledemate van sy kerk te wees. Hy rus al die ledemate met gawes toe om vir mekaar te sorg (1 Kor. 12).

Die Heilige Gees is vir ewig by ons. Die Heilige Gees is ook die kerk se waarborg dat ons alles sal ontvang van wat God nou reeds beloof het (Ef. 1:13-14). Hy is die deposito dat ons die res van die "paaie" van God se beloftes sal ontvang.

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7 (Sb 24: 1, 7)*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*